## 28 Januarie — Josua 4

### *Monumente van God se verlossing*

God het by die Jordaan 'n klipstapel laat oprig as 'n sigbare monument van sy magtige daad om die volk deur die rivier te lei. Dit moes vir die volk nie alleen 'n gedenkteken wees nie, maar moes ook dien as aanknopingspunt om die kinders in die groot dade van God te onderrig. God het ook vir ons sulke monumente gegee wat ons sakramente noem. Net soos die klipstapel verkondig dit aan ons die groot verlossingsdaad van God in Jesus Christus. Gebruik ons dit as aanknopingspunt om ons kinders te onderrig? Waarom laat ons ons kinders so maklik met Nagmaal by die huis. Die feit dat hulle nie self aan die sakrament kan deelneem nie beteken tog nie dat die sakrament nie die geleentheid bied vir kragtige verkondiging nie! Benut liewer telkens die geleentheid.

Sing: Psalm 34:6

Ds. H.B. Hattingh (Amanzimtoti)